

HOOFSTUK 19

Die uitverkiesing

1. Die Here begelei sy uitverkorenes in sy genade

Die volgende samevatting uit Bavinck se werk, *Gereformeerde Dogmatiek*, bied 'n kort beskrywing van hoe die Here sy genade oor die gelowiges laat geld:

- 1.1 Die **Vader** het die gelowiges in Christus nog voor die skepping van die wêreld uitverkies – Efesiërs 1:4; ook 2 Tessalonisense 2:13; Efesiërs 1:11; 1 Petrus 1:2.
 - Hy het hulle tot die ewige lewe verordineer – Handeling 13:48.
 - Hy het hulle tot die beeld van sy Seun gekonformeer – Romeine 8:29.
 - Hierdie uitverkiesing is onveranderlik – Romeine 9:11 en Hebreërs 6:17 en:
 - mettertyd bring dit mee die roeping – o.a. Matteus 22:2-14; 1 Korintiërs 1:23-24; Romeine 10:14-17;
 - regverdigmaking – Psalm 103:12; Jesaja 44:22; Romeine 8:1-2; 8:32-33; en
 - verheerliking – Romeine 8:39; Filippense 3:21; Kolossense 3:4.
- 1.2 **Christus**, in wie al God se beloftes ja en amen is – 1 Korintiërs 1:20,
 - het gesterf vir almal wat die Vader aan Hom gegee het – Johannes 17:6, 12,
 - sodat Hy aan hulle die ewige lewe kan skenk
 - en nie een van hulle sal verlore gaan nie – Johannes 6:39 en 10:28.
- 1.3 **Die Heilige Gees**, wat hulle wederbaar,
 - bly ewig by en in hulle – Johannes 14:16; 1 Johannes 2:27 ens; en
 - verseël hulle tot die dag van verlossing – Efesiërs 4:30.
- 1.4 Die genadeverbond staan vas en seker en is:
 - met 'n eed bevestig – Hebreërs 6:16-18 en 13:20;
 - so bindend soos die huweliksband – Efesiërs 5:31-32; en
 - is 'n testament – Hebreërs 9:17.
- 1.5 Op grond van daardie verbond:
 - roep God sy uitverkorenes;
 - skryf Hy sy wet in hulle harte en stel ook ontsag vir Hom daar – Hebreërs 8:10 en 10:14 e.v;
 - laat Hy nie toe dat hulle versoek word bo hulle vermoë om weerstand te bied nie – 1 Korintiërs 10:13;
 - bevestig en voltooi Hy die goeie werk wat Hy in hulle begin het – 1 Korintiërs 1:9 en Filippense 1:6; en
 - bewaar Hy hulle vir die toekoms in Christus, sodat hulle deelgenote kan word van die hemelse erfenis – 1 Tessalonisense. 5:23 en 1 Petrus 1:4-5.
- 1.6 As gevolg van sy tussentrede om ons ontwil by die Vader, bly Christus voortdurend aktief ten behoeve van die gelowiges, sodat:
 - hulle geloof kan standhou – Lukas 22:32;
 - hulle van die bose in die wêreld bewaar kan bly – Johannes 17:11, 20;

- hulle volkome gered kan word – Hebreërs 7:25;
- hulle vergifnis van hulle sondes kan ontvang – 1 Johannes 2:1; en
- eendag almal met Hom kan wees en sy heerlikheid kan aanskou – Johannes 17:24.

1.7 Die genadegawes wat hulle deur die werking van die Heilige Gees in Christus ontvang:

- is onberoulik – Romeine 11:29; en
- is onderling en onafskeidbaar verbonde en saamgeweef.
- Die mens wat geroep word, word geregtig en verheerlik – Romeine 8:30.
- Die mens wat as kind van God ontvang word, erf die ewige lewe – Romeine 8:17 en Galasiërs 4:7.
- Die mens wat glo, het onmiddellik deel aan die ewige lewe – Johannes 3:16.

1.8 Daardie lewe, omdat dit ewig is,

- kan nie verloor word nie;
- is 'n lewe wat nie aan die sonde verslaaf is nie – 1 Johannes 3:9; en
- kan nie sterwe nie – Johannes 11:25-26.

1.9 Die verloop van God se bemoeienis met die uitverkorenes begin dus by die uitverkiesing uit genade alleen, en duur voort tot en met die totstandkoming van die Nuwe Jerusalem. Die volharding van die gelowiges verseker ons dat, deur die genade van God, geeneen van die gelowiges ooit langs die pad sal uitval nie.

2. Wat is die uitverkiesing?

- Omdat ons almal besmet is deur die onreinheid van ons sondes en die ewige dood verwerf het deur ons sondes, het geen mens die reg op die ewige lewe nie.
- Dit word afgelei uit, onder andere, Romeine 3:19: “. . . sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees . . .” en Romeine 3:23: “Die loon van die sonde is die dood.”
- Dit beteken nie dat elke mens voor die voet hel toe gaan nie en dat daar geen moontlikheid is dat ons ooit die binnekant van die hemel sal sien nie. God se genade is onberekenbaar groot en daarom is daar verlossing moontlik. Vergelyk die volgende Skrifgedeeltes:

1 Johannes 4:9: “Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.”

NB: 1 Johannes 4:10: “Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as Versoening van ons sondes.”

- Die uitverkiesing is die onveranderbare voorneme van God, wat daarin bestaan het dat Hy, voor die skepping, alleen uit genade, volgens die soewereiniteit van sy wil, vir Hom 'n aantal persone uit die hele mensdom uitverkies het wat Hy salig maak in Jesus Christus. Dit is daarom belangrik dat ons sal besef dat alle mense nie onvoorwaardelik salig gemaak word nie – Dordtse Leerreëls (DL) I: 1, 7; Efesiërs 1:4-6. NB: Johannes 3:16: “. . . dat die wat in Hom glo . . .”
- Opgesom gaan dit oor:
 - Sondeverlorenheid
 - Verlossingsgenade
 - Verantwoordelikheid

- Jesus sterf nie vir alle mense nie, want dan sou die hel nie bestaan nie. Aan die ander kant gaan almal ook nie hel toe nie, want dan sou die soenverdienste van Jesus tevergeefs wees. Die slotsom is dus dat God bepaal wie in die hemel sal wees en wie in die hel.

3. Die mens se posisie

- Alle mense behoort hel toe te gaan, want die Here het vir Adam gesê: *“Die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe!”* Lees ook NGB, art. 16: Die hele geslag van die mens lê in verderf en ondergang – 1 Korintiërs 15.
- Vergelyk hierby HK, vr. 10: God vertoorn Hom verskriklik oor die aangebore sowel as oor die werklike sondes. Hy wil dit met sy regverdige oordeel tydelik en ewiglik straf.
- Die Bybel leer dat elkeen vervloek is wat nie bly in alles van die boek van die wet om dit te doen nie. As iemand dus uit homself regverdig wil wees, moet hy die wet honderd persent onderhou van sy geboorte tot sy dood.

4. Geen onreg

- Die Here sou dus geen onreg doen aan enigiemand as hy ons almal in die hel sou werp nie. ’n Logiese afleiding is dan ook dat al die mense wat in die hel sal wees, geen onreg aangedoen word omdat hulle daar is nie.
- Ons word ’n liefdesdaad aangedoen as ons uit die vervloeking en sonde geruk word.
- Artikel 3 van die Dordtse Leerreëls leer dat die Woord van God onder die mense verkondig moet word. Die Woordverkondiging het ’n tweërlei uitwerking onder die mense:
 - Sommiges glo dit.
 - Ander verwerp dit.
- Die wat glo, word van die toorn van God verlos. Die wat nie glo nie, bly onder die toorn van God. Johannes 3:36: *“Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.”*

5. Voorbeskikking

- Efesiërs 1:3-7 leer dat God ons voor die grondlegging van die wêreld uitverkies het. Die verkiesing was so dat dié wat verkies is, sonder gebrek voor Hom in liefde sou wees.
- Die verkiesing is dan ook ’n voorbeskikking van God dat Hy ons as kinders vir Homself aanneem in Jesus Christus. Dit doen Hy na die welbehae van sy wil.

6. Valse siening

- Die Remonstrante leer dat die mens vir sy saligheid kan werk en self daarvoor kan besluit. Die rigting het heelwat probleme met die feit dat die woorde *verkiesing* en *uitverkiesing* dikwels deur die Bybel self gebruik word. Daar kan dus nie ontken word dat daar ’n uitverkiesing is as die Bybel dit so noem nie.
- Die Remonstrante los die saak so op: Daar sou, volgens hulle, ’n algemene en ’n besondere verkiesing wees.
- Die algemene verkiesing is dat God besluit het dat alle mense voor die voet uitverkies word wat in Christus glo. Die algemene verkiesing stel dus bloot die feit van watter mense salig kan word.
- Die besondere verkiesing gaan daarvoor dat die Here uit baie mense wat moontlik kan glo, net dié verkies wat Hy agterkom dat hulle werklik glo. Dit gebeur ook omdat God vooruit kan kyk in die toekoms in en toe gesien het wie sou glo en wie nie.
- Hierdie valse leer verkondig dat God nie die geloof bepaal nie. Die uiteindelijke uitverkiesing word dus eers in die gang van die geskiedenis vasgestel.

7. Regstelling

- Die bogenoemde standpunt maak die uitverkiesing, soos wat dit bely word in die Dordtse Leerreëls, 'n soort fatalisme. Daarteen moet gewaak word, want dit is nie so dat die mense in 'n lang ry staan en die Here dan langs die ry af loop en Hy sommiges na willekeur uitverkies en andere weer verwerp nie. Dit is fatalisme.
- Daarom word daar deur dié standpunt beweer dat die uitverkiesing onregverdig is: As iemand gelukkig is, is hy 'n uitverkorene en dan is dit onregverdig teenoor die ander, want hulle wou ook graag geglo het, maar die Here het hulle nie die kans gegee nie.
- Die fout met die bogenoemde redenasie is dat die volgende uit die oog verloor word:
 - God is so magtig dat hy nie in 'n menslike denkpatroontjie van reg en regverdig ingedruk kan word nie. Die begin van elke mens se redeneervermoë is al klaar verduister omdat die mens uit die gebrokenheid van die sonde redeneer. Vergelyk die gedeelte in Romeine 9, waar God sê dat die klei geen reg het om vir die pottebakker te sê hoe of wat hy wil wees nie.
 - Verder is dit so dat die geloof nie die uitverkiesing bepaal nie. Die uitverkiesing bepaal die geloof: Juis omdat jy 'n uitverkorene is, kan jy glo. Dan verval die argument van onregverdigheid, want alle mense doen sonde en verdien die hel. Dié wat glo, ontvang slegs meer genade en genade is nie 'n reg nie, want iets waarop jy reg het, is nie meer genade nie. Niemand word dus uit 'n neutrale toestand in die hemel of die hel gegooi nie.
- Die verhouding uitverkiesing tot geloof kom baie duidelik na vore in Romeine 9 en Handeling 13:48: *“En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die Woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe.”* Die geloof van die heidene het dus nie uit hulleself begin nie. Dit het 'n voorspel in die voorafgaande raad van God gehad: Hulle is verordineer.
- Die uitverkiesing het die volgende gronde:
 - God se wysheid
God se wysheid is nie so beperk dat die mense eers moet besluit of hulle Christus wil aanneem voordat God sy uitverkiesing kan finaliseer nie. Sy wysheid het voor die skepping al bepaal wie gelowig sou wees en wie nie. In sy versindheid het God ook gesien dat dit so is in die geskiedenis en met sy almag het Hy gesorg dat alles is soos hy dit beplan het – en hy sorg nog steeds daarvoor.
 - Die onveranderlikheid van God
God bly altyd wat Hy is en Hy verander nooit nie. Hy het dit in die Ou Testament al verklaar in Jesaja 41:4: *“Ek, die HERE, die Eerste, en by die laaste is Ek dieselfde!”*
God besluit dus nie vandag dat Hy iemand hemel toe sal laat gaan as hy sterf terwyl hy goeie dinge doen en as hy môre sou sterf terwyl hy kwaad doen, dat hy dan hel toe sal gaan nie. Die beslissing is reeds voor die skepping geneem en dit staan vas en onveranderlik, soos God self.
 - Die alwetendheid van God
Hy weet van alle dinge omdat Hy self alle dinge bepaal en vasgestel het. Daar kan dus absoluut niks sy aandag ontsnap nie.
 - Die almag van God
In die almag van God is daar geen willekeur nie. Hy buig voor niemand nie en Hy word ook nie deur iemand ontwig nie. Hy word ook deur niemand verander nie. Daarom staan God se uitverkiesing ook onveranderbaar vas.

8. Volharding van die heiliges

- Al is die uitverkiesing vooraf deur God bepaal en vasgestel, is dit beslis waar dat die gelowige ook 'n verantwoordelikheid het om na te kom in die uitverkiesing. Dit word beskryf in die DL V.
- Die uitverkorene moet hom nog daagliks voor God verootmoedig, want daagliks sondig hy – selfs in sy beste werke. Die gelowiges word ook dikwels deur allerhande sondige dinge – gedagtes en begeertes – verlei en doen dan sonde. Maar omdat God in sy genade voorsiening maak, kan hulle telkens daaruit opstaan en bly hulle nie daarmee voortgaan nie.
- Die gelowige moet dus elke oomblik aanhou stry teen elke verkeerde ding. Dit is ook juis die uitverkorenes wat in hierdie volharding kan voortgaan omdat God dit so oor hulle beskik het – DL V.